

HUWELIKSBEVESTIGERS

BELANGRIKE KOMMUNIKASIE AAN HUWELIKSBEVESTIGERS

1. AGTERGROND

2. VOORGESTELDE/OOREENGEKOME KOMMUNIKASIE

3. TOEKOMSTIGE WYSIGINGS RAKENDE HUWELIKSREGISTRASIE

4. BELANGRIKE ALGEMENE INLIGTING

5. BUITELANDERS

6. HUWELIK/SAAMWOON

Hiermee belangrike kommunikasie oor julle as huweliksbevestigers, wat in die afgelope weke met die Departement van Binnelandse Sake uitgeklaar is.

1. AGTERGROND

Die meeste *huweliksbevestigers* (hierna HB's) in die Kerk is daaraan gewoond om die huweliksregister-afskrifte na die voltrekking van 'n huwelik (sover moontlik) binne drie dae kosteloos per pos of andersins aan hulle naaste kantoor van die **Departement van Binnelandse Sake** (hierna DBS) te stuur – dit behoort die kantoor te wees waar hulle as huweliksbevestiger geregistreer is.

Bogenoemde metode van inhandiging (versending) van die vorms, het die afgelope tyd toenemend onbetroubaar/ondoeltreffend geword. So is daar is geen werklike kontrole oor die betroubare inhandiging en verwerking van die vorms nie. Dit het daartoe gelei dat niemand aanspreeklikheid vir hierdie proses wou/kon aanvaar nie. Die Departement erken dat die huidige toestand van sake onaanvaarbaar is en selfs korrupsie in die hand werk – en dit, terwyl die HB's in die eerste en laaste instansie verantwoordelik gehou word vir die registrasie van die huwelike waarin hulle opgetree het.

Hierdie toedrag van sake is onlangs by meer as een geleentheid met senior amptenare van die betrokke Departement bespreek.

Op 19 Oktober 2009 byvoorbeeld, het amptenare van die Departement en verteenwoordigers van al 9 Sinodes van die NG Kerk in die RSA oor dié saak ontmoet. By hierdie geleentheid is daar op bepaalde stappe, om die kommunikasie tussen die Departement en die HB's te verbeter, besluit. Die administratiewe strukture van die Sinodes sal hierin 'n belangrike rol speel.

[Terug na bo](#)

2. VOORGESTELDE/OOREENGEKOME KOMMUNIKASIE

2.1 Alle huweliksbevestigings (HB's) sal voortaan daarvoor verantwoordelik wees om die huweliksregister-afskrifte so gou as moontlik, na die bevestiging van die huwelik, by hulle naaste kantoor van die Departement van Binnelandse Sake (waar HB's tans geregistreer is) in te handig – en **moet dit dus nie meer per pos stuur nie**.

2.2 Die reëling dat die inhandiging binne 3 dae moet geskied, (soos in 'n vroeëre weergawe van die handleiding vir huweliksbevestigings vermeld word) word nie meer deur die DBS toegepas nie. Die HB moet dit egter so gou as moontlik inhandig en **moet** in elke geval hieroor met die betrokke huwelikspaar ooreenkom indien hy/sy vermoed dat indiening eers na 3 dae gaan/kan plaasvind.

2.2.1 'n HB is by magte om 'n gevolmagtigde persoon aan te wys om die huweliksregister-afskrifte by die naaste kantoor van die DBS namens die HB in te handig.

2.3 Die huweliksregister-afskrifte word vergesel van 'n voorgeskrewe [kwitansievorm](#) ('n nuwe dokument) wat ook op Sinode se webblad beskikbaar is en wat HB's verder moet dupliseer vir eie gebruik. Dit word per gewone pos aan julle gestuur.

Die proses rakende die indiening van die huweliksregister-afskrifte is soos volg:

2.3.1 Die HB vul die toepaslike inligting op die kwitansievorm in en onderteken dit.

2.3.2 Meer as een huwelik kan op dieselfde kwitansievorm ingevul word.

2.3.3 Die HB maak 'n afskrif van hierdie voltooide kwitansievorm, sodat beide vorms deur die DBS gestempel en onderteken kan word. Sodoende het beide die HB en die DBS 'n afskrif van die kwitansievorm vir hulle eie rekord-doeleindes.

2.3.4 Die volgende dokumente moet die kwitansievorm vergesel:

- Afskrifte van die huweliksregisters
- Afskrifte (gewone fotostate) van die huwelikspaar, twee getuies en HB se ID-dokumente
- 'n Afskrif van die prokureursbrief rakende huweliksvoorwaardes (indien van toepassing).
- Indien een of albei van die partye wat in die huwelik bevestig word, óf geskei, óf 'n weduwee/wewenaar is, moet fotostate van die egskeidingsbevel/doodsertifikaat ook saam met die huweliksregister-afskrifte ingedien word.
- Indien een van die partye wat in die huwelik bevestig word, 'n buitelanders is, moet hy/sy 'n amptelike bewys van sy/haar huwelikstatus vanaf sy/haar konsulaat/ambassade verskaf, wat dan saamgestuur word. Vlugtelinge is hiervan uitgesluit.
- Indien een of albei van die partye minderjarig is, moet vorm BI-32 vir die betrokke persoon aangeheg word. Let daarop dat die ouderdom vir minderjarigheid verander het (onder andere na die aanvaarding van die nuwe Kinderwet). Onder 18 jaar is tans die ouderdom vir minderjarigheid, sodat die

vorm vir toestemming tot die huwelik van 'n minderjarige (BI-32) voortaan slegs nodig is indien een van die partye onder 18 is.

2.4 Die amptenaar van die DBS mede-onderteken beide die kwitansievorm en die afskrif daarvan en neem die kwitansievorm en gepaardgaande dokumente in ontvangs. Die ondertekende afskrif word aan die HB of sy/haar gevolmagtigde oorhandig. Die HB kan ook 'n afskrif van die kwitansievorm aan die betrokke egpaar(e) oorhandig.

2.5 Vir die doeleindes van hierdie prosedure word die HB's as 'n verlengstuk van die DBS se amptenare beskou. Hulle hoef/behoort daarom voortaan, ten opsigte van die registrasie van huwelike, nie in 'n ry/tou voor 'n bedieningsvenster by die DBS te staan nie.

[Terug na bo](#)

3. TOEKOMSTIGE WYSIGINGS RAKENDE HUWELIKSREGISTRASIE

3.1 Die huidige BI-vorms word eersdaags met nuwe DHA-vorms vervang. **ID-foto's, sowel as vingerafdrukke**, sal byvoorbeeld op die nuwe huweliksregister-vorms aangebring moet word. 'n Nuwe, volledige handleiding word ook deur die DBS opgestel en dit sal deur die departement aan HB's versend word.

3.2 Intussen moet huweliksbevestigers egter steeds voortgaan om die huidige vorms te gebruik, totdat die nuwe vorms deur die departement beskikbaar gestel word en HB's daarvan in kennis gestel word.

3.3 Dit is natuurlik in die eerste plek die verantwoordelikheid van die DBS om in alle gevalle op 'n doeltreffende manier direkte kommunikasie met die HB's te handhaaf. Die sinodale kantore neem nie hierdie funksie oor nie, maar sou ook goed doen om die kennis van die nuwe vorms (sodra dit beskikbaar is) aan hulle HB's te kommunikeer.

3.4 Opleiding in die nuwe vorms en gepaardgaande prosesse word op streeksbasis aangebied deur die DBS. Administratiewe hoofde van Sinodes sal waarskynlik binne die volgende weke in kennis gestel word van sodanige werkswinkels – en word versoek om die uitnodiging dan plaaslik direk met die departement te hanteer na goeddunke. Byvoorbeeld: die sinodale kantoor kan aan die DBS meedeel dat hulle in direkte kommunikasie met die departement is vir die doeleindes van hulle eie kerklike huweliksbevestigings, maar dat hulle 'n verteenwoordiger sal stuur om seker te maak dat die inligting gekoördineerd gekommunikeer word.

[Terug na bo](#)

4. BELANGRIKE ALGEMENE INLIGTING

4.1 'n Huwelik is wettig vanaf die oomblik dat die huweliksregister ten tyde van die seremonie deur die vyf persone (egpaar, twee getuies en HB) – die minimum aantal wat teenwoordig moet wees – onderteken is.

4.2 Slegs persone met predikantsbevoegdheid kan permanente HB's wees.

4.3 Emeritus predikante wat na aftrede hulle aanstelling as HB's wil behou, moet deur middel van die betrokke sinodale kantore daarvoor aansoek doen.

4.4 HB's is in alle gevalle daarvoor verantwoordelik om hulle persoonlike besonderhede by sinodale kantore, asook soos van toepassing by die DBS, op datum te hou.

4.5 Dit is goeie gebruik om in elk geval afskrifte/duplikate van alle dokumente wat by die DBS ingehandig word, te hou saam met die kwitansievorm.

[Terug na bo](#)

5. BUITELANDERS

Nuwe reëlings in verband met huwelike waar buitelanders betrokke is. Indien weduwees/wewenaars of geskeides betrokke is, rus daar ook ekstra verantwoordelikhede op die huweliksbevestigings. Lees [meer](#).

[Terug na bo](#)

6. HUWELIK/SAAMWOON

6.1 Die Algemene Sinode probeer om tans die volgende perspektiewe ten opsigte van saamwoonverhoudings te stel in die besef dat dit saamhang met omvattende sake soos die huwelik, egskeiding en seksuele etiek van gelowiges, wat deurlopend met deernis en sensitiwiteit deur die kerk onderskei en begelei moet word. Die verskillende punte hieronder moet daarom deurgaans met mekaar in verband gelees word.

6.2 Die Algemene Sinode besef dat die huwelik soos ons dit vandag ken die produk van eeue se ontwikkeling is. Daarom kan sommige huweliksgebruike soos in die Bybel beskryf, byvoorbeeld leviraatshuwelike en die vrou as besitting van die man, nie sonder meer dien as riglyne vir hoe Christelike huwelike vandag behoort te wees nie.

6.3 Die Algemene Sinode is daarvan oortuig dat die historiese ontwikkeling van die huwelik in die Bybel en in die geskiedenis vir ons duidelike riglyne bied van wat 'n Christelike huwelik is: 'n vaste, formele ooreenkoms tussen twee persone van die teenoorgestelde geslag om hulle lewens in alle opsigte met mekaar te deel in 'n lewenslange verbintenis waarin seksualiteit 'n eksklusiewe karakter dra, geseën of bevestig deur die kerk, gesluit in die teenwoordigheid van getuies, sover as moontlik in die gemeenskap van gelowiges en verkieslik erken deur die staat as 'n wettige huwelik.

6.4 Die Algemene Sinode oordeel dat, in die lig van bostaande, gelowiges met reg die huwelik 'n gawe van God noem en dat seksuele gemeenskap buite so 'n vaste, formele

verbintenis/verhouding nie aan Christelike riglyne voldoen nie.

6.5 Die Algemene Sinode is daarvan bewus dat saamwoonverhoudings (wat die seksuele insluit) vandag 'n werklikheid in die samelewing is. Daar is verskillende redes waarom mense saamwoon. Sommige mense woon saam omdat hulle seksuele eksklusiwiteit nie as 'n belangrike aspek van 'n verhouding beskou nie. Hierdie verhoudings is weens die nie-permanente en selfsugtige aard daarvan, eties onaanvaarbaar.

6.6 Die Algemene Sinode is egter bewus daarvan dat daar ander redes is waarom sommige pare saamwoon. Sommige woon saam met die argument dat hulle seker wil maak dat hulle in alle opsigte by mekaar pas, voordat hulle trou. Van hierdie verhoudings streef in sekere opsigte na die Bybelse waardes van liefde, respek en eksklusiwiteit. Tog is dit minder as wat die Christelike verstaan van die huwelik verwag en word daarom ontmoedig.

6.7 Die Algemene Sinode wil mense wat in 'n saamwoonverhouding leef, aanmoedig om die verbintenis nog vaster te maak deur die kerklike en staatkundige aspekte in plek te kry.

6.8 Die Algemene Sinode beskou die reëlins van mediese fondse en pensioenskemas wat voordele van mense ontnem wanneer hulle na die dood van 'n eggenoot/eggenote weer in die huwelik tree, as eties problematies en onderneem om nogeens met die betrokke owerhede hieroor in gesprek te tree.

6.9 Die Algemene Sinode aanvaar dat al die implikasies rondom die bevestiging van 'n enkel kerklike huweliksverbintenis.

[Terug na bo](#)